BIBLIOTEEK
P.U.K. vir C.H.O.

# Die WAPAD

Deel V. No. 8. 25 Augustus 1950. 3/- per jaar.

# INTER - UNIVERSITÊRE SAMEWERKING BLYK PRAKTIES ONMOONTLIK TE WEES

**„Die Inter-Studenteraadskonferensie wat gedurende 18 en 19 Augustus te Pietermaritzburg gehou is, het een duidelike feit na vore gebring, nl. die radikale verskil tussen verskeie Studenterade t.o.v. grondleggende beginsels. Weereens is bevestig dat geen beginsel 'n kompromie duld nie. Alleen in hierdie feit moet die rede gesoek word vir die mislukking van dié konferensie t.o.v. die vaslegging van 'n basis vir kontak tussen die verskillende Studenterade van die Suid-Afrikaanse Universiteite." Met hierdie woorde het Mnr. Willem de Klerk die uitslag van die afgelope V.S.R. Konferensie te Pietermaritzburg opgesom.**

Voorts is verklaar dat Mnr. Sydney Brenner, V.S.R. voorsitter van Wits, helder en duidelik Wits se progressiewe liberalisme uiteengesit het. Volgens Brenner glo die Universiteit van die Witwatersrand aan die beginsel van akademiese non-segregasie, sowel as die gelykheid van alle studente, afgesien van ras, kleur of geloof. Die nie-blanke student kan hom tenvolle ontwikkel en uitleef aan 'n blanke universiteit. Die praktyk het getoon dat 'n stelsel soos die van Wits tenvolle geleentheid bied aan albei die rasse om mekaar beter te leer verstaan. Derhalwe sal Wits hom geensins leen vir enige poging tot samewerking wat enige beperking t.o.v. die kleur van sy afvaardiging na konferensies verlang nie.

**Ook het Mnr. Brenner verklaar dat Wits sy weg onder geen omstandighede oopsien om 'n „gentleman's agreement" met die blanke universiteite aan te gaan, t.o.v. sy afgevaardigdes in die toekoms nie. Hoegenaamd geen beperking sal geduld word nie.**

Op 'n voorstel van Mnr. de Wet van die U.N. Durban, dat as 'n tydelike maatreël, alleen V.S.R. voorsitters, in die toekoms konferensies sal bywoon, het Wits duidelik te kenne gegee dat hy dit nie kan aanvaar as dit bedoel is om op 'n teoretiese manier sy afvaardiging tot blankes te beperk nie.

Op 'n voorstel van die P.U.K. dat die konferensie sy begeerte uitspreek dat konferensies in die toekoms gehou sal word om kontak te verseker, het Wits 'n amendement voorgestel wat lui: mits geen beperking op die kleur van Wits se afvaardiging gelê word nie.

Hiermee het Wits bewys dat sy standpunt nog altyd geformuleer kan word in Mnr. Brenner se eie woorde: "We will never compromise" ("Wits" 20 Maart 1950). Die Februarie sowel as Julie-konferensie is deur Wits negeer omdat hulle geen beperking op hulle afvaardiging duld nie. **"We regard the imposition of such restrictions on the composition of our delegations to be a blatant interference in the internal affairs of this student body." En verder: "We as an S.R.C. feel that N.U.S.A.S. adequately serves as a medium for student co-operation."**

## KAP DIT UIT.

**Ons is op pad Bloemfontein toe! Alle sukses en sterkte met die Intervarsity. Ons gaan wen! Elkeen van u is deel van die „ons". As elkeen doen wat hy moet doen is die oorwinnings verseker.**

**Mag u dit almal geniet soos 'n P.U.Kaner 'n saak kan geniet. Onthou dit is die laaste Intervarsity wat u as P.U.K. speel. Sluit hierdie tydperk van die P.U.K.-geskiedenis af met 'n oorwinning.**

**WILLEM DE KLERK.**

By monde van Mnr. Moodley, die V.S.R. voorsitter van Sastri, die nie-blanke afdeling van die Universiteit Natal, is verklaar dat hulle geen kontak kan aanvaar tensy dit nie op 'n basis van "absolute equality" geskied nie. Akademiese gelykheid is nie voldoende nie. Afsonderlike fasiliteite word nie deur sy studenteraad gesteun nie, maar betreur. Uit vrye wil het die nie-blanke student nie na Sastri gegaan nie, maar omdat hy daartoe gedwing is, het Mnr. Moodley verklaar.

(Vervolg op Bls. 5, Kol. 1).

**J.N.J. KRITZINGER**

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,

Kerkstraat 84, Telefoon 455,

POTCHEFSTROOM.

AS U 'N FOTO WIL SKENK,

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

**W. J. SPAVINS EN SEUN**

VIR ALLE

Elektriese Benodighede, Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.

**GAMSU-SLAGTERY**

(Eienaars: Randse Koelkamers).

Telefoon 76. Posbus 166.

Direkteure:
E. M. Wright,
K. de J. Hofmeyer.
I. J. D. Wentzel.

Kerkstraat 72,
POTCHEFSTROOM.

Ons verskaf die beste kwaliteit VLEIS, VIS, HAM en PLUIMVEE.

**F. ZEILER**

Potgieterstraat 40. Foon 344.
Potchefstroom

vir al u benodigdhede i.v.m. die Skoonmaak van u woning.

VERF,
GLAS,
PLAKPAPIER,
ens.

# Die Wapad.

25 Augustus, 1950.

**Hoofredakteur:** P. J. W. Louw, **Tegniese Adviseur:** P. H. S. Pieterse.

**Hulp-Adviseur:** J. T. Herselman.

**Subredakteure:** J. H. Booyens, D. F. Erasmus, J. A. Venter, H. de Klerk, Mejj. M. Calitz en M. Kruger.

**Administrasie:** C. Malan (voors.), F. Bothma, P. Viljoen, F. du Rand.

## DIE G.R.A.-STRYD MOET VOORTDUUR.

Die 14e Augustus het daar in die warm Afrikanerharte weer 'n opvlamming gekom by die gedagte dat dit presies 75 jaar gelede was, toe die G.R.A.-stryd in ons volkslewe ontbrand het. Die oorsaak van hierdie stryd, en die karakter wat dit aangeneem het, spreek die duidelikste uit die welbekende gedig van C. P. Hoogenhout:

> Engels, Engels! Alles Engels!
> Engels wat jy sien en hoor;
> In ons skole, in ons kerke
> Word ons moedertaal vermoor.

Die oorsaak van die stryd was, soos ons kan aflei, dat ons volkseie bedreig was deur die gevaar van oorweldiging van 'n sterker kultuur-volk. Die karakter van die stryd van die G.R.A. was om 'n doelbewuste aksie van stapel te stuur om die Afrikaner wakker te skud en aan hom te toon dat ondergang hom in die oë staar. Hulle het getrag om die Afrikaner bewus daarvan te maak dat as hy sy grondgebied verloor het, hy nog geestesgoedere besit wat niemand hom mag en kan ontneem nie. Hier het die G.R.A.-stryd vir ons volkseiendomlike begin. Dit was 'n kosbare skat wat ons volk besit het maar nie van bewus was nie. Onbewus dat hulle besig was om selfmoord te pleeg, om hulle eie karakter te verloor en in alle opsigte op te gaan in 'n ander volk, het die Afrikaner die Engelse taal, sedes en gewoontes begin aanneem as hulle eie.

In hierdie omstandighede het die G.R.A. aktief begin werk om as nasionale beweging, nasionaalbewustheid by die Boerevolk op te wek, met die taalstryd as belangrikste aksiefront.

Besiel met 'n sterk geloof en vurige volksliefde het hulle vir geen smaad of terugslag gestuit nie, en die vrug van hulle arbeid pluk ons as nageslag vandag.

Ons vaders het vir ons die stryd gevoer en oorwin maar wie gaan die nuwe stryd aanknoop? Die Afrikaner is tot 'n baie groot mate weer op pad om sy eie volkskarakter te verruil vir die van 'n groter en sterker kultuurvolk—Amerika. Volkome Amerikaners kan ons nie meer word nie, want die fondamente van ons volk is onwrikbaar gelê, maar wat wel besig is om te gebeur, is dat ons hoër geestelike goedere—ons eertydse eerlike en opregte Christelike sedes en gewoontes verruil word vir goedkoop Amerikaanse gewoontes. Dit het al deur middel van baie kanale, soos die bioskoop en plate, ons volkslewe so deursuur dat dit soms lyk of daar 'n groter stryd vir die huidige en komende geslagte wag as die wat die G.R.A. 75 jaar gelede mee begin het. Die omstandighede is vandag anders as toe, maar die stryd sal in sy wese 'n G.R.A.-stryd wees—'n stryd om die Boerevolk nasionaal-bewus te maak en ons oë te open vir die dreigende oorseese gevaar.

Die put van die lewe is diep. Dis die emmers wat ons bring wat so vlak is.

* * *

Laat die dinge wat jy doen en sê die titel van jou inhoud wees.

# Oordenking.

## 'N LEWENDE VERHAAL

**Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van die Here vertel.— Ps. 118: 17.**

Dawid het Ps. 118 geskrywe nadat hy koning geword het oor die hele Israel en Juda. Hy het al sy agtervolgers en vyande verslaan en het nou, as seevierende koning, reg om te jubel. Maar hy roem nie in sy eie krag nie! Nee, die krag van die Here wil Hy roem. So wil hy sy volksgenote vertroos en aanspoor om ook die aangesig van die Here te soek.

Hy word 'n lewende verhaal van die goedertierenhede van die Here.

Dawid was 'n kragtige held vir sy volk; 'n onoorwinbare krygsman vir sy vyande. 'n Man van roem en van naam. Maar voor die Here was hy 'n kneg. 'n Afhanklike kind wat die kragtige arm van sy Vader gesoek het.

Waarom sou ons dan roem op 'n flinke verstand? Op pragtige prestasies of 'n skitterende loopbaan? Ontvang ons dit nie alles van die Here nie Daarom pas dit ons om soos 'n kind op Sy sterke arm te steun en 'n lewende verhaal van Sy goedertierenhede te wees.

Dawid is beproef. Angste moes hy uitstaan. Sy krygsvernuf kon hom niks meer baat nie. Sy vriende kon hom nie meer help nie. So wanhopig was hy dat hy uitgeroep het: „Ek is kragteloos en heeltemaal verbrysel!"

Tog het die Here hom te hulp gesnel. Hom gered van die vernederende en moorddadige hande van sy vyande, sodat hy kan bly lewe om die werke van die Here te vertel.

In die mens se swakste en benoudste oomblik staan hy nie alleen nie. Die Here verlang nie die dood van 'n sondaar nie, maar dat hy hom sal bekeer en lewe. Lewe om teenoor almal die weldade van die Here te roem.

Dawid was 'n gesalfde van die Here. In Sy Naam het hy kragtige dade gedoen en vas geglo dat Hy hom sal beskerm en bewaar. „Al die heidene het my omsingel; dit is in die Naam van die Here dat ek hulle stukkend gekap het." Daarom kon hy, sy lewe aan

(Vervolg op volgende kolom).

## VAN S.R. WEË:

Voor ons lê die **intervarsity.** Elders in hierdie blad het ek u almal sterkte toegewens.

* * *

Die werksaamhede van die S.R. begin so stadigaan afneem. Die **einde** is al amper in sig. Daar is nog verskeie sake wat afgehandel moet word. Hieroor sal ons egter later verslag doen.

* * * *

Die **Vreugdedag** vind die 9de September plaas. **Mnr. Piet Venter** en sy organisasie word sterkte toegewens. Mag die dag 'n groot sukses wees en elke P.U.Kaner sy deel daartoe bydra. Ons het groot verwagtinge van die Vreugdedag. Die koms van **Mnr. D'Assonville** se **„Pukkie"** word na uitgesien.

* * * *

Die S.R. wil sy **simpatie** met die **Theos** uitspreek. Ons is jammer dat dat u die wedstryd teen Blyvoor verloor het.—Daar is nog een kans voor.— Mag Garnisoen swaar dae belewe en die **beker** sodoende na Heimat se eetsaal gebring word.

* * *

Die **korfbal** word gelukgewens met die **oorwinning** oor **Rossmore Junior Hoërskool** in die wedstryd om die kwarteindrondte om die Unieskild. U reputasie is groot. Mag u weereens die louere wegdra.

* * *

Die **Studenteraadsverkiesings** begin die **11e tot 18 September.**

---

(Vervolg van vorige kolom).

God toegewy, 'n lewende verhaal wees van die werke van God.

Ons is vrygekoopte slawe van Christus; gesalf deur Sy bloed. Ons het die dood verdien, maar die lewe verkry. Omdat Hy die angste van hel vir ons deurgemaak het, het ons koningskinders geword. Knegte van die Allerhoogste—teen die hele wêreld, vry! Daarom is ons bly, en ons jubel: Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van die Here vertel.

A.S.S.

---

Die wêreld is tans so besig met Regs en Links dat ons vergeet van hier onder en daar Bo.

Dit is tradisie dat die
**P.U.K.-STUDENT**
van al sy benodigdhede deur
DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL.
voorsien word.

**Studieboeke, Vulpenne, Skryfbenodigdhede, Populêre leesstof en Tikmasjiene word in voorraad gehou.**

Ondersteun u eie Boekhandel,
DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL.
**Foon 497 Kerkstraat 90, Potchefstroom.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË.

KOM NA——

POTCHEFSTROOM
**HANDELAARS**

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

**Fone: 259 & 250.**
**POTCHEFSTROOM.**

**PLAZA-KAFEE**

(Onder persoonlike toesig van Mnr. en Mevr. Ferreira).

* * *

Vir———

GOEIE EN NETJIESE DIENS,

Probeer die

**PLAZA,**

**Die Sportman se Kafee.**

**Foon 249. Kerkstraat 109.**

T. H. BOLTON (Edms) Bp.

**BOU-AANNEMERS.**

VIR ENIGE WERK IN WES-TRANSVAAL.

**Adres: Kerkstraat 172, Tel. 718, POTCHEFSTROOM.**

**Bespaar Tyd, Kragte en Skoene**



aan te skaf.

C. VAN DER MERWE,

**FIETSHANDELAAR.**

**Kerkstraat 92, Potchefstroom.**

DIE NUUTSTE ONTWERPE.

MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**

**BEPERK**

**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

durende gemak.


# -: *KORRESPONDENSIE* :-

Piet Groblerhuis,

17 Augustus 1950.

Geagte Redakteur,

Ons vorige „Wapad" is baie gekritiseer. Bewerings soos „„Die Wapad" is weer baie droog", en baie ander skerp kritiese uitdrukkings is oral gehoor. Die bewerings is ook nie baie ver van onwaar nie.

Maar wie is hiervoor te beskuldig? Seer seker nie net die redaksie nie. Hier rig hierdie persone aantygings teen hulself. Ek wonder of ons lesers ooit weet hoe die redaksielede moet sukkel om stof ingesamel te kry. Ons is wel nie almal skrywers en digters nie, maar almal kan tog darem probeer.

**Ons kan gerus 'n poging aanwend om ons minder krities en meer ondersteunend te stel teenoor ons eie studenteblad. Daar is enkele persone wat ons blad baie getrou ondersteun, maar daar is baie mense wat kan en tog nooit probeer nie.**

Die uwe,

**LESER.**

* * * *

Dwarsstraat 55,

Potchefstroom,

14 Augustus 1950.

Die Redakteur,

„Die Wapad,"

P.U.K. vir C.H.O.,

Potchefstroom.

Waarde Heer,

Hiermee wil ek graag 'n briefie in u blad laat verskyn oor 'n sakie wat myne insiens baie ernstige afmetings aangeneem het.

**In hierdie geval wil ek noem die snedige opmerkings wat vanaf die voetbalverhoog gemaak word. Ek het dit hier nie teen studente-skerts nie, maar teen werklike beledigende opmerkings teen die spelers en die skeidsregter.**

Dit neem absoluut toe en dit maak dit vir die publiek van Potchefstroom baie moeilik om na aan die studente te sit gedurende 'n voetbalwedstryd.

Ek noem hierdie saak omdat dit in die eersteplek 'n blaam op die Universiteit se naam is, en in die tweede plek omdat ons dit nie verwag van mense wat opgelei is nie.

Ek wil hierdie stoute bewering maak dat die opmerkings gemaak word deur persone wat nog nooit 'n rugbybal gedurende 'n wedstryd op die veld gehanteer het nie. Dit blyk verder dat hulle skynbaar nie weet dat die vyftiental wat op die veld draf nie deur hulleself in die verskillende posisies geplaas is nie.

**As Oudstudent van die P.U.K. vertrou ek dat hierdie skrywe tot die regte ore sal kom en dat die persone hulle in die vervolg beter sal gedra.**

Met agting,

Die uwe,

J. H. MALAN, Get.)

JM/JL.

# U.O.V.S. EERSTE RUGBYSPAN:

**Heelagter: A. Cilliers.**

**Vleuels: Koos Basson (Kapt.)**

**F. Roux.**

**Senters: G. van Huyssteen.**

**Koos Wessels.**

**Skakels: R. Karstil (los).**

**E. Rörich (skrum).**

**Voorspelers: Ben Kruger (200). Voorry.**

**Piet Wessels (205lb.) Voorry.**

**D. Hanson (205lb.) Voorry.**

**J. v.d. Linde (187lb.) Kant.**

**F. v.d. Walt (203lb.) Slot.**

**C. van Niekerk (200lb.) Slot.**

**Bill v. Biljon (204lb.) Slot.**

**K. Vorster (190lb.) Kant.**

**J. Jordaan (175lb.) Agsteman.**

(Die gegewens is naasteby reg maar redaksie sal nie verantwoordïng doen vir 'n onjuiste gegewe nie).

**Vraag:** wat sou gebeur het as **Jan** Posthumus elf vingers gehad het?

**Antw.:** Hy sou elf lang, vuil vingernaels gehad het.




U.K.O.V.S. se dirigent afgeneem terwyl hy een van sy solos gelewer het tydens die intervarsity van verlede jaar.

(Vervolg van bls. 1, kol. 3).

**Die Universiteit Kaapstad, Rhodes Universiteitskollege en Pietermaritzburg het verklaar dat hulle ook nie gewillig is om enige konferensie by te woon as daar 'n bepaling neergelê word wat die afvaardiging van „gemengde universiteite" tot blankes beperk nie.**

Hierteenoor het die Universiteite van Potchefstroom, Pretoria binne- en buitemuurs sowel as U.O.V.S. hulle beginsels duidelik gestel.

Aanvanklik was gepoog om die beginselverskille te oorbrug en met toegewings aan beide kante 'n basis van kontak te vind. Nadat die standpunt van Wits en andere gestel is, en dit duidelik geword het dat geen toegewing van hulle kant kom nie, was genoemde inrigtings gedwing daartoe om met sy vooropgestelde beginsels na vore te tree.

As uitgangspunt is gestel dat afsonderlike fasiliteite essensieel vir die nie-blanke student omdat ons glo dat dit blykens ons Protestantse belydenis 'n opgelegde roeping is om die rassuiwerheid te bewaar en die grense tussen volke te erken.

Deur verskillende sprekers is gestel dat die nie-blanke as individu en as volk tot sy hoogste ontwikkeling kan kom deur op sy eie inrigting na sy eie aard, kultuur en historiese agtergrond te ontwikkel.

Nie alleen is dit die beginsel van die Afrikanerstudente om met die suiwer nie-blanke inrigtings te skakel nie, maar ook is dit die praktiese beleid. (Vergelyk die A.S.B. kongresbesluite 1950, Potchefstroom). Bewys van die feit is ook dat Mnr. W. Maréé namens U.P. die nie-blankes van Sastri en Fort Hare na 'n konferensie uitgenooi het wat in 1951 gehou sal word.

**„Daar is egter met groot erns en beslistheid gestel dat ons die nie-blanke student van Kaapstad en Wits op geen konferensie sal ontmoet nie, omdat ons so teen ons beginsel, ons geloof, die geskiedkundige agtergrond, en die praktyk sal indring. Dat ons daardeur in beginsel sal bydra tot die chaos van die rasseverhoudinge in Suid-Afrika. Deur so 'n daad sal ons erken dat 'n nie-blanke 'n blanke kan verteenwoordig. In konsekwensie wis ons so alle rasverskille uit en dra ons by tot 'n progressief-liberale beginsel wat vernietiging van albei rasse inhou," is verklaar.**

Hierdie standpunt was egter nie die persoonlike mening van Mnr. P. de Kock van die Universiteit Stellenbosch nie, alhoewel aangeneem word dat dit die offisiële standpunt van sy universiteit is.

„Die konferensie was die klankbord van beginsels. Duidelik is bewys dat Wits geen kompromie of poging tot 'n kompromie begeer nie, maar dat kontak alleen moontlik is volgens sy beleid, en wel in N.U.S.A.S. wat soos verklaar deur Wits self, die ideale basis vir kontak bied. Hierop is ons duidelike antwoord dat ook ons nie sal kompromiteer nie. Ons laat ons nie voorskrywe nie. Alle pogings om kontak te verkry is in die verlede van die hand gewys. Tot hiertoe het ons gegaan—maar nie verder nie," het Mnr. de Klerk verklaar.

**Besluit is dat 'n konferensie op die basis wat in Durban neergelê is, gedurende 1951 te Pretoria gehou sal word, waarna alle universiteite uitgenooi sal word. Die Durbanafdeling van die Universiteit van Natal het alreeds toegestem om teenwoordig te wees.**

As jy met 'n vrou wil veg, veg dan met jou hoed. Gryp hom en laat vat. (John Barrymore).

# IN GESELLIGE LUIM.

**Betty:** Ek was met een kêrel sewe maal gekys.

**Betsie:** : Ek was eenmaal met sewe kêrels gekys.

* *

**Tok** en **At** is glo altwee Durban toe na die Walvis fabrieke want intervarsity is hier.

* * *

**Verliefde Student:** Kan daar enige woorde soeter wees as „Ek bemin jou."

**Materialistiese Kamermaat:** Ja: „Tjek ingesluit."

* * *

**Student::** Say, you're quite an amateur at kissing.

**„Girl friend":** Think so? Well it took a lot of practise to get that „first time effect."

* * *

**„Toeval":** As oupa se een tand die trippens in die Kersfees poeding raak byt.

* * *

**Pa:** Wat maak daardie sigaret in jou sak?

**Seun:** Ek hou hom totdat ek oud genoeg is om te rook.

* * *

Oh **Lucia's** love's like a red, red rose,
That's newly sprung in June;
Oh her love's like the melody
That's sweetly played in tune.

* * *

**Wynie van der Linde** kan een skoonheid op 'n keer weerstaan, maar as hulle in hordes van twee aankom, slaan hy bollemakiesie die hoofgebou se trappe af.

* * *

**Nic Snyman** wil nie erken dat hy gekys is nie. Waarmee sleep hy Saterdag bioskoop toe as hy nou sy laaste geldjies moet gebruik om wyn mee te koop om die jeugdige gebeurtenis te vier?

* * * *

**Fivaz** het hierdie kwartaal al drie rekords geslaan: hy het ophou rook, ophou sleep, en ophou probeer sleep.

* * * *

Die gode bewaar die man wat nie wil trou voordat hy die perfekte vrou raakgeloop het nie—en die gode help hom nog meer as hy haar eers gekry het. (Ben Tilett).




# DIE KORFBAL IS BESIG OM UNIESKILD IN TE PALM

**Nieteenstaande die feit dat die korfbalklub aan die einde van verlede jaar ses van die eerstespanspelers verloor het, kon hulle vanjaar weer 'n sterk span op die been bring. Hiervan getuig die oortuigende oorwinning oor Rossmore.**

**Hélène** en **Meester** het vanjaar met nuwe ywer aan die werk gespring, vasbeslote om die Unieskild nog 'n jaar te behou. Van vooraf moes 'n nuwe span gekies word—**Meester** het baie geraas en sleggesê—soms was daar selfs trane—maar die eindproduk was skitterend.

Genadeloos het die eerste korfbalspan hulle teëstanders die knie laat buig.

Almal ontmoet seker nog die skitterende oorwinning oor P.O.K. verlede kwartaal.

**Die 19de deser was nogeens 'n skitterende segetog vir P.U.K. Die teëstanders was Suid-Transvaal se wenners nl. Rossmore-Junior-hoërskool, en alhoewel die teëstanders baie jonger was, moes daar terdeë met hulle rekening gehou word. Dit was dan ook geen wonder dat die eerstespan se gesigte almal styf en gespanne was nie, te meer daar Hélène, die kapteine, langs die veld moes staan i.p.v. om self te speel, aangesien sy op die hokkie-toernooi haar been beseer het.**

Nadat die wedstryd 'n aavang geneem het, het die spanning gou verslap want die toeskouers kon duidelik sien dat P.U.K. met die ander span speel soos 'n kat met 'n muis. Vanaf die verdedigers **Hertha, Henriette** en **Izbrandt** het die bal blitssnel na **Stella, Betsie** en **Cecelia** gegaan en vandaar het **Heleen** dit telkens in die hande van **Monica** en **Tresia** besorg. Verder hoef mens nie te gaan nie, want vir hulle is doelgooi iets wat maar toe-oë gedoen kan word. Soos één het almal „geshine" **en niemand was verbaas dat die eindtelling 45—23 in P.U.K. se guns was nie.**

Hierdie kranige span is vinnig op pad om soos verlede jaar die hoogste louere op die gebied van korfbal in te oes. Die 2de September speel hulle op Krugersdorp en ons beste wense vergesel hulle. Ons weet die Skild moét en sál weer veilig terugkom.

## TENNIS.

**Vrydagmiddag, 18 Augustus, onder baie gunstige weersomstandighede, het P.U.K. vir Normaal met 90 spelle teen 79 spelle gewen in 'n vriendskaplike wedstryd.** Die spelers van albei spanne het in besonder gesellige luim verkeer waardeur die hele wedstryd baie aangenaam verloop het. Die kompetisie was aan albei kante baie skerp en goeie tennis is gelewer. Ons hoop om in die vervolg nog meer sulke oefenwedstryde te hou teen Normaal en om Normaal net so gasvry hier te onthaal as wat ons daar onthaal is.

Ten slotte ook die spelers se dank aan die ondersteuning van die Pukke om die bane. Hulle teenwoordigheid daar het baie tot ons oorwinning bygedra.

R. S. BUYS (Kapt.)

## MANSHOKKIE.

In hul eerste wedstryd na die vakansie, het die A-span verlede Saterdag goed vertoon teen Dorp.

Die wedstryd het teen 'n vinnige tempo afgesit en die Pukke se voorlyn het knaend aangeval. **Bart** het die bal skoon ontvang en hard geskied. Dorp se doelwagter was daar maar **Hennie** was ook daar en het die wit balletjie mooi in die gat ingestoot.

Dorp se aanvalle het ook vrug afgewerp want hul middelvoorspeler het mooi deurgebars en **Frans** geflous (1—1).

Ongelukkig het **Gert Fourie** op hierdie stadium sy neus baie ernstig beseer en moes hy die veld verlaat.

Na rustyd moes die Pukke rus met 4 manne in die voorlyn klaarkom. Tog het hulle hul goed van hul taak gekwyt en nog 2 pragtige doele is behaal deur **Bart** en **Steve.**

Ons hartlike gelukwensing aan **Piet van Wyk** en **Bart** met hulle mooi vertonings. Vir die verdediging was **Piet** en **Wallie** kragte en **Bart** het die siel van die aanval gevorm.

Aan **Gert** ons simpatie met sy besering. Ons hoop die neus is gou weer in die haak.

**U.O.V.S. gaan met 'n ander span te doen kry as wat op die toernooi was. Frans, Liggies en Piet was nie in die land van die Piesangboere nie, maar hulle gaan definitief die stokke in Bloemfontein swaai!**

## DAMES-HOKKIE.

Die eerstespan is hier ook nog onoorwonne in Wes-Transvaal en vinnig op pad om die beker na sy regmatige tuiste te laat terugkeer. In onlangse ligawedstryde is P.O.K. 4—0 verslaan en Witrand 4—1. Die tweedespan het Blyvooruitzig 3—1 in 'n ligawedstryd gewen, en nou lê nog net Klerksdorp en Potchefstroom-dorp voor, en daar is nie twyfel wie gaan wen nie. Ook aan hierdie span wil ons sê—hou so aan en bring die beker terug.

By 'n vrou is 'n leuen nie soseer die oortredinng van 'n morele wet nie maar iets soos 'n haakspeld om 'n lastige sakie in die haak mee te bring. Vir 'n man hoort dit egter baie duidelik te wees dat niemand die leuen van 'n vrou so maklik kan ontdek as 'n vrou self nie.

* * *

Liefde is soos 'n almanak—jaar na jaar bly dit feitlik konstant—mits jy misbruik maak van vakansiedae.

* * * *

Job was wel die geduldigste man, maar hy het nooit 0044 gebel nie.




*Wapenskild van* **BLOEMFONTEIN**

Bloemfontein, hoofstad van die Vrystaat en die vernaamste veemark in die Unie, dra die horings van oorvloed as simbool van sy voorspoed op 'n eg Suid-Afrikaanse wapenskild, net so eg Suid-Afrikaans as Ronde Kommando-sigarette, wat nog altyd van ons eie boere se allerbeste tabak vervaardig word, deskundig vermeng om aan die smaak van Suid-Afrikaanse rokers te voldoen.

**RONDE Kommando**

**20 vir 1/-, 50 vir 2/4 gewoon of kurk**

**In naam en tradisie, 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret.**




***KOOP SUID-AFRIKAANS—***
**—KOOP KOMMANDO**

C 12 A

As jy reg is, stry soos 'n man. As jy verkeerd is, soos 'n vrou.

* * * *

As jy jou nie onttrek aan die geselskap van skape nie, word jy later deur wolwe regeer.

As die getal van die dames op P.U.K. met die helfte moes verminder sou dit **Grobbies** van **Thabajäh** in 'n uiters moeilike posisie geplaas het. Hy sou dan slegs 12½ dames 'n jaar kon sleep.

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER

**J. P. V.D. WALT.** L.F.V

Apteker

**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**

Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**

* * * *

**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

*Die Kwaliteit*

SKOENWINKEL

**DE BRUYN**

NUUTSTE SOMER-MODELLE
NOU IN VOORRAAD.

PUKKE stuur u Klere na

BLITZ-
DROOGSKOONMAKERS

**Nywerheidsgebied, Potchefstroom**

Ontvangsdepots:
**Tomstraat (langs Sonskyn-kafee), Kerkstraat 57,**
vroeër Ben v. Niekerk, kleremaker.

***Deur Diens Groei Ons.***

# P.U.K VERLOOR TEEN BLYVOOR.

**Saterdag se wedstryd teen Blyvoor het, hoewel die Theos. ongelukkig die onderspit gedelf het, beslis goeie spel gelewer.**

**Sommer van die afskop het P.U.K. se agttal aangeval en die spel gvoer tot in die opponente se kwartgebied. Die agterlyn kon nie juis op stryk kom nie.**

Na 'n vaste skrum het P.U.K. aangeslaan en Blyvoor het die voortou geneem met 5—0. Deurgaans was daar 'n harde voorspeledstryd, en die feit dat Blyvoor die bal voor rustyd feitlik nooit uit die vaste skrums gesien het nie, bewys dat **Styger** al die ondersteuning van die voorspelers gehad het. In die lynstane het veral **Campbell, Koos Botha** en **Beyers** hul onderskei.

'n Skitterende drie het gevolg op 'n breekslag van **Fires** na 'n vaste skrum. Die vervyfskop was mis, en met rustyd was die telling 5—3 in Blyvoor se guns.

Nou het Theos kragtig aangeval, maar Blyvoor se losskakel het met lang lynskoppe die spel gevoer na P.U.K. se kwartgebied. Op die doellyn, so in 'n los gewoel, het een van Blyvoor se voorspelers die bal toegeval en hul voorsprong verder te vergroot. Nie lank daarna nie skop hulle 'n strafskop oor sodat hulle 11—3 voorgeloop het.

Nie lank daarna nie het 'n losskrum uit 'n 5-treë-skrum ontstaan. **Hoppie** het die bal opgeraap en soos 'n stoomroller oor die lyn gebars en 'n netjiese drie behaal. Die vervyfskop het egter nie geslaag nie.

Die bal het klokslag uit die skrums na P.U.K. gekom, maar deur swak hanteerwerk en onoordeelkundige skoppe in die heelagter se hande kon die agterlyn niks uitrig nie.

**Platbos** het 'n taamlike moeilike strafskop oor die dwarshout gelig. Theos het nou alles in die stryd gewerp, maar kon nie oor die doellyn gaan nie. 'n Paar minute voor die einde het **Platbos** 'n vryskop by duime misgeskop, en P.U.K. moes uiteindelik nog 2 punte prysgee. Tog het hulle met eer uit die stryd getree.

Na Saterdag se wedstryd is daar nie juis grond vir voorspellings oor watter span die uitslag van die intervarsity gaan bepaal nie. **Met 'n pak voorspelers** wat bestaan uit manne soos

**Hoppie, Styger, Beyers, Prinsloo, Botha, Campbell, Steenekamp en Murray, kan ons baie seker wees dat Theos die naam van ans Alma Mater hoog sal hou teen U.O.V.S. Almal is eerlike, harde spelers, en elkeen ken die spel! Die teenwoordigheid van Fires in die agterlyn is bemoedigend. Platbos en Schwellnus verstaan mekaar, en dit sê al baie.**

Oor die algemeen is die driekwarte baie beweeglik, en as hulle die bal vinnig ontvang sal hulle weer lekker kan aanval en verdedig. Wie die laaste vesting vir ons gaan verdedig, is nie seker nie, maar ons het volle vertroue in die span as geheel.

Ons wil die Theos-manne alle sterkte toewens daar hulle Vrydag al vertrek.

'n Definisie van 'n „gentleman" is 'n man wat 'n bottermes gebruik as hy alleen is.

* * * *

Moenie dat iemand op jou kop sit nie. Dis jou vrou se plek. Dis hoekom party mans kaalkoppe het.

* * * *

Calf skin makes the best shoes but banana peals make the best slippers.

* * * *

'n Momento is 'n geskenk by die afskeid—'n monoloog is 'n dialoog tussen man en vrou.

**W. J. GROBBELAAR**

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

allernuutste waarby ingesluit die modieuse **„Cold Perm."**

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Agente vir
**SIGARETTE, TABAK EN FANTASIEGOEDERE.**

**Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.**

# DIE KUNS VAN DIE MAPOGGERS

**Op Woensdagaand 16 Augustus het Dr. Meiring van Pretoria 'n hoogs interessante lesing in die hoofgebousaal gehou. Dit het gegaan oor die kultuur van die Amandele-stam of Mapoggers.**

Dr. Meiring het eers 'n oorsig van die geskiedenis van die sam, sy trek na Pretoria en vestiging aldaar, gegee. Hy het voorts verduidelik hoe die hutte gebou word, en toe met glasskyfies ligbeelde teen die muur gewerp om die argitektaniese skoonheid van die kleurryke amandele-hutte te toon. 'n Mens was partykeer verbaas oor die feitelik onbekende rykdom.

„Dikwels word beweer dat ons geen kultuuragtergrond het om op te bou nie: is hierdie skatte nie miskien die aangewese grondslag nie?" was dr. Dekker se kommentaar.

Hierdie dinge gaan verlore en daar is niks om dit te vervang nie. Ou Speelman, een van die Mapoggers, se woorde was:

„Ja Baas, ons oumense gaan dood, en die jongmense kan die nie meer so bou nie."

## *VERTWYFELING*

*Of is dit jy?*
*Met wie ek, kinderlik-naïef,*
*My as skoolseun het verbly.*
*En o was ek verlief!*

*Of is dit jy?*
*Wat my gevoel, gesig, gehoor,*
*Met 'n ydele gevlei,*
*Soos geen ander kon bekoor?*

*Of is dit jy?*
*Vir wie Mammon alles was*
*O het ek jou gekry*
*Hoe sou ek dan kon bras.*

*Of is dit jy?*
*Wat tog so heel onskuldig*
*Jou sin verkry*
*En my laat loën wat ek huldig.*

*Of is dit jy?*
*So sag, maar sterk*
*As ander wil verlei,*
*Die goeie kan bewerk.*

*Of is dit jy?*
*Wat reeds al jare wag*
*En in beproewing my*
*Steeds steun met stille krag.*

## LIMERIEKE OP ALABAMA-TOERGANGERS

1. **S.R.-verteenwoordiger Kreli**
Kan g'n kitaar of akkordeon speli.
Met sy Moewi-kamêra
Waar hy prentjies in bêre
Vang hy shine, maar ookie te veli.

* * *

2. **Ons Volkspeleleier is Schitte,**
'n Geweldige kop maar vol pitte
'n Blok van 'n man,
En vreet kan hy kan,
Tot hy die onderdelf spitte.

* * *

3. **Ons verpleegstertjie Jule van der Ahee**
Het salfies vir sere en pleisters vir gahee.
So mollig en rondjies—
Net 200 pondjies—
Die ou wat daar kys, sê ek, is 'n tahee.

* * *

4. **Ons organiseerder, ou Wollie**
Raak nooitie oor niksie op hollie.
Hy orgnize hom dood,
En al word hy nooit groot,
Kan niemand soos hy gordyne oprollie.

* * * *

5. **'n Goedige man is ou Rooie**
Met sy bakkies vol sproete en plooie—
Voor 'n simpel gehoor
Met sy jas agtervoor
En sy hoed tot ver oor sy ooie.


I. GLASER,
**KING EDWARDSTRAAT 83.**
Die beste vir
**OMEGA - HORLOSIES EN VERLOOFRINGE.**
**Diens en Waarde is ons Leuse.**
**Foon 218.** **Bus 248.**
**Potchefstroom.**

KOM SIEN ONS
vir u
**FOTOGRAFIESE-**
**en**
**APTEKERSBENODIGDHEDE.**

GEEN EN VELLEMAN,
**King Edwardstraat 124,**
**POTCHEFSTROOM.**

EXCELSIOR MEUBELS
**Beperk.**
Ons lewer die beste gehalte
MEUBELS
teen die laagste pryse.
Besoek Ons en ons verseker U
van ons beste dienste.
VERTOON LOKAAL:
**Foon 743.** **Kerkstraat 132,**

*LEES*—
Die Westelike Stem
**Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.**
—:o:—
**SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.**

# Beyers Claassen

M.N.Y.Inst.P. (V.S.A.)

## Fotograaf.

KERKSTRAAT 41, POTCHEFSTROOM.

*„DIENS AAN DIE GOUE WESTE DEUR FOTOGRAFIE"*

## U WETENSKAPLIKE EN TEOLOGIESE BOEKE

alles van

# SACUM.

ook al u navrae en **AFROLWERK**

SUID-AFRIKAANSE CALVINISTIESE UITGEWERSMAATSKAPPY BEPERK.

(Wat ook F.C.S.V.-publikasies voortsit).

Posbus 478. Bloemfontein.